# Geloftediens





**2021-12-16**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**




## GELOFTEDAG


- 16 Des 1836
- Dingaansdag... later Geloftedag; vandag: Versoeningsdag
- Gelofte wat 'n groep Voortrekkers aan God afgelê het.

## GELOFTEDAG

- God het 'n wonderwerk gedoen op die dag wat daar 'n gelofte gemaak was aan Hom.
- Oormag van ongeveer 20 teen 1. (10'000 teen ongeveer 500).
- Ongeveer 3'000 Zulu's sneuwel en nie een boer nie.





## GELOFTES EN BELOFTES

- **Psalm 116: 14**

[14]My geloftes sal ek aan die HERE betaal in die teenwoordigheid van sy ganse volk.

Rigt 11: 35 ......Ek het aan die Here 'n gelofte gemaak en ek kan dit nie terugtrek nie."

## HOE SOU ONS DIT VANDAG HANTEER HET AS ONS WEER 'N GELOFTE MOES MAAK IN 'N OOMBLIK VAN BENOUDHEID?

## HOE SOU ONS DIT VANDAG HANTEER HET?

- Voortrekkers het na God **gehardloop**
- **Regverdige** hardloop na Sy Naam
  - Righteous
  - (upright and in right standing with God)

Die Naam van die HERE is 'n sterk toring; die regverdige hardloop daarin en word beskut. Spr 18:10



## NAAM VAN GOD: EL ELYON

- Hardloop na Sy Naam
- Een van die kragtigste name van God.
- Onthou El beteken "**Sterk** Een"
- El Elyon beteken die "Allerhoogste God" ("The God Most High")
- "The Mighty One Most High"

## EL ELYON

- Dit is die naam wat sê dat daar niks is wat bestaan wat hoër is as die Allerhoogste God nie.
- Dit beteken ook "gaan op" of "klim".



## EL ELYON

- El Elyon is bokant elke demoniese mag en aanval van die bose.
- El Elyon is bokant alle omstandighede.
- Bokant jou vyande
- Hy kry altyd die laaste woord in, en hierdie woord is "oorwinning"




**Openb 22:13 Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste.**

## HOE SOU ONS DIT VANDAG HANTEER HET?

- Sou ons kon sê ons sal vorentoe dit as 'n **dankdag** soos 'n Sondag (Sabbat) hanteer?



## HOE SOU ONS DIT VANDAG HANTEER HET?

- Spandeer ons nog tyd aan die Here?
- Vertel ons nog aan ons kinders (en andere)?



## HOE SOU ONS DIT VANDAG HANTEER HET?

- Bring ons nog eer aan God?
- "want die eer van Sy naam sal verheerlik word deur die roem en die eer van oorwinning aan Hom te gee."



# VERSOENING MET GOD

18En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het,

19naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou.

20Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen.

21Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.

**2 Kor 5:18-21**

# ALLE NASIES

9NÁ hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande;

10en hulle het met 'n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam!

**Openbaring 7:9**